# JOHANNESBURG EAST DISTRICT

## DISTRIK-EKSAMEN

## GRAAD 11

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 2**

**Junie 2014**

PUNTE: 70
TYD: 2 UUR

**Hierdie VRAESTEL bestaan uit 10 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees hierdie instruksies noukeurig deur voordat jy begin om vrae te beantwoord .
2. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy sodat jy kan sien op watter bladsye die vrae is wat jy moet beantwoord.
3. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :
   AFDELING A: Kortverhale
   AFDELING B: Poësie
4. Beantwoord AL TWEE afdelings.

   AFDELING A: Kortverhale
   Beantwoord die vrae van BEIDE kortverhale.

   AFDELING B: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae van BEIDE gedigte.
5. Gebruik die kontrolelys om jou te help.
6. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.
7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
9. Voorgestelde tyd: ongeveer 60 minute vir elke afdeling.
10. Skryf netjies en leesbaar.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **AFDELING A: KORTVERHALE** | | | | |
| | | | | |
| **Beantwoord die vrae oor BEIDE die kortverhale.** | | | | |
| | | | | |
| **VRAAGNOMMER** | | **VRAAG** | **PUNTE** | **BLADSY** |
| **1.** | **Die engelman** | **Kontekstuele vraag** | **17** | **4** |
| **EN** | | | | |
| **2.** | **Die werksmanne van Slovoville** | **Kontekstuele vraag** | **18** | **6** |
| **EN** | | | | |
| **AFDELING A: GEDIGTE** | | | | |
| | | | | |
| **Beantwoord die vrae oor BEIDE die gedigte.** | | | | |
| | | | | |
| **VRAAGNOMMER** | | **VRAAG** | **PUNTE** | **BLADSY** |
| **3.** | **e-sonnet** | **Kontekstuele vraag** | **17** | **7** |
| **EN** | | | | |
| **4.** | **Life van die jobless** | **Kontekstuele vraag** | **18** | **9** |

| **Kontrolelys** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Afdeling** | | **Aantal Vrae** | **Aantal Beantwoord** | **Merk** |
| **A.** | **Kortverhale** | **2** | **2** | |
| **B.** | **Gedigte** | **2** | **2** | |

## AFDELING A: KORTVERHALE

## VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

***Die engelman* – Izak de Vries**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Op ’n afstand al sien hy hulle. Mal, maller, malste hardloop hulle skip toe. Twee meisies en twee ouens. Hy trap die lepel in, ry blitsig tot daar.

“Ship,” hyg die meisie en wys. “Quick. It leaves half past.”

Hy loer na sy horlosie en glimlag.

“I’ll be quick,” sê hy. “But there is a speed limit.”

“Ry net, bliksem,” sê die pragtige meisie hier langs hom.

My pa sou nou weer ’n hele lang storie gehad het oor die afkoms van die mense uit die Bo-Kaap, dink Chris. Dis vreemd hoe pa-hulle steeds in hokkies dink. Vir my is die vroumens pragtig en ek sou graag die hele aand na haar wou sit en luister. Afrikaans praat, en luister hoe mooi sy praat.

“Sê nou hy verstaan jou?” vra die blondine wat vasgedruk sit tussen die twee mans.

“Dan moet hy juistemint ry,” sê sy.

Chris rý. Hulle sal dit net-net haal. Op die reguit pad druk hy die naald tot by sestig myl – hopeloos te vinnig, maar die mooi meisie langs hom lyk baie benoud. Sy draai na hom toe en sê: “Ek wens hy kon verstaan. Ek hou van mans wat luister.”

“I beg your pardon?” vra hy en hou sy gesig reguit.

Sy dra ’n goue kruisie, pa.

“Sien jy, die klein engelmannetjie verstaan nie ’n woord van onse taal nie.”

Onse taal, dink Chris. Moet ek? Sy is baie mooi.

“Jy bedoel Engelsmannetjie?” vra een van die mans.

1.1. Kies die korrekte antwoorde en skryf net die VRAAGNOMMER en die antwoorde neer.

Salina was beïndruk toe sy sien Chris lees ‘n boek van die skrywer 1.1.1. (Stephen King / Umberto Ecco). Sy en die ander passasiers verkeer onder die miskonsepsie dat Chris 1.1.2. (nie Afrikaans verstaan nie / nie weet hulle is van Suid-Afrika nie) en daarom bespreek hulle hom. Salina sê selfs sy wil graag vir Chris 1.1.3. (klap / soen). Sy sê ook hy is haar engelman omdat hy 1.1.4. (dieselfde skrywer lees as waarvan sy hou / hy hulle gehelp het deur so vining te ry). (4)

1.2. Wat se impulsiewe ding doen Chris om seker temaak dat hy en Salina met mekaar kan kommunikeer. Gee TWEE feite. (2)

1.3. Noem TWEE dinge wat Salina in haar sms-boodskap aan Chris gesê het. (2)

1.4. Waarmee stem Chris saam in die sms-boodskap wat hy aan Salina terugstuur? (1)

1.5. Wat is die naam van die klein kusdorpie in Engeland waar Chris gaan werk het nadat hy graad 12 klaargemaak het? (1)

1.6. Wat se werk doen Chris in die klein kusdorpie in Engeland? (1)

1.7. Wat het Natalie anders as ander meisies gemaak? Gee EEN feit. (1)

1.8. Watter het Natalie in die brief, wat hy daardie oggend gekry het, aan hom gesê? (1)

1.9. Chris wil graag universiteit toe gaan

1.9.1. Wat se graad wil Chris aan die universiteit verwerf? (1)

1.9.2. Hoekom sal hy self daarvoor moet betaal? (1)

1.9.3. Hoe hoop hy om NA die eerste twee of drie jaar sy studies te finansier? (1)

1.10. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die VRAAGNOMMER (1.10.) en die LETTER (A – D) neer.

Die tema van die verhaal is…

A Jy moet gaan studeer.
B Verhoudings werk nie.
C Jy kan liefde op enige plek vind.
D Taxi-bestuurders wat sleg behandel. (1)

**[17]**

**EN**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

***Die werksmanne van Slovoville* – Johnny Masilela**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

My oupa, hy met die massiewe skouers en hande wat byna tot by sy knieë reik, en die kaalgeskeerde kop wat blink in die son, vat die pik by die vloekende Khoza en lig dit omhoog. Op sy nek en skouers bult die spiere toe hy die houtsteel met sy staal punt in die lug laat tol.
"E-joe-e-joe-e-joe!" ululeer die vrouens wat die kos vir die werksmanne kook.

Met die blitsige beweging van 'n koperkapel spoeg Oupa in sy palms, vryf hulle teen mekaar en vang die pik voor dit op sy kop land. Nog 'n keer tol hy die werktuig in die lug op en strek al twee hande uit om die vallende pik se staalpunt vas te gryp.
Die vrouens antwoord met 'n skril gejuig terwyl die mans fluit van pure ontsag vir sulke formidabele ratsheid en krag in iemand wat so oud is.
My oupa - hy van wie hulle vertel dat hy 'n pofadder aan sy stert gegryp en sy giftande teen 'n mopaniestam uitgeslaan het - lig die pik in die regte posisie, moker die punt in die harde grond vas en ...

Shosholoooozaaaa …
oempf! Awuyeeee …
oempf! Kwezontaaaabaaaa
... oempf!
Is'timela sivel' eSouth Africa ...
oempf! Wen' uyabaleeeekaaaa ...
oempf! Awuyeeee … oempf!

Die liedjie "Shosholoza" word gewoonlik gesing wanneer daar gewerk word en in die uittreksel was die mense van Sovoville besig om 'n skool vir hulle kinders te bou.

2.1. Wie se idee was dit om die skool te bou? (1)

2.2. Hoe het hulle geld ingesamel om die skool te bou? Gee TWEE feite. (2)

2.3. Hoekom kon hulle nie bakstene koop om die skool te bou nie? (1)

2.4. Wat sou hulle met oliedromme doen sodat hulle dit as sinkplate kon gebruik om die klaskamers te bou? Gee TWEE feite. (2)

2.5. Wie het die verteller se oupa gesê gaan die oliedromme in sinkplate omskep toe die ouers daaroor gevra het? Gee TWEE feite. (2)

2.6. Wat sê die verteller se oupa is die verskil van hoe die mense grafte grawe in sy tuisdorp en in Slovoville? Gee TWEE feite. (2)

2.7. Hoe het hulle die swaar boumateriaal by die bouplek gekry? (1)

2.8. Teen sononder begin die mense alles oppak.

2.8.1. Wat doen die vrouens met hulle kookgereedskap? Gee TWEE feite. (2)

2.8.2. Wat doen die mans met hulle gereedskap? (1)

2.8.3. Waarin was die mans hulleself? (1)

2.9. Kies die korrekte antwoorde en skryf net die VRAAGNOMMER (2.9.1. – 2.9.3.) en die ANTWOORD neer.

Die volgende oggend het die werksmanne 2.9.1. (Jeremiah / Khoza) met sy arms en bene oopgespalk gevind, die silwer 2.9.2. (kruisie / fluitjie) nog in sy mond, en 'n 2.9.3. (skietwond / steekwond) in sy bors.

(3)
**[18]**

**TOTAAL AFDELING A 35**

**EN**

**AFDELING B: GEDIGTE**

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**

***e-sonnet* – Susan Smith**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

***<u>e-sonnet</u>***

met skuifspeld ponser en kram
kon ek tevore – soos dit hoort –
op papier elke woord
netjies orden volgens plan

nou wag iewers in die ruimte
my posbus
gedot & gekom
slaggereed op besoekers van buite

langsamerhand vind ek egter
die e-verhouding al hegter
dat ek met elke klik
en dubbelklik
my lewe al meer
na die eenoog-despoot se buie skik

*Susan Smith*

3.1. Waarna vewys die "e" in die titel van die gedig? Skryf net EEN woord. (1)

3.2. Kies die korrekte antwoorde uit die lys en skryf net die VRAAGNOMMER (3.2.1. – 3.2.5.) en die ANTWOORD neer.

| |
|---|
| verlede hede nou gister skuifspeld<br>kopspeld ponser pen e-pos slakpos |

In die eerste strofe vertel die spreekster hoe sy in die 3.2.1. (…) haar skryfwerk georden het, deur dit met 'n bymekaar te hou met 'n 3.2.2. (...) en 'n krambinder en dan die 3.2.3. (…) te gebruik om gaatjies in te maak sodat sy dit kan liaseer. In die tweede strofe vertel sy hoe sy 3.2.4. (…) boodskappe per 3.2.5. (…) ontvang en stuur. (5)

3.3. Is dit waar of onwaar dat die digter se posbus vir haar e-posse op 'n spesifieke plek is. Haal EEN woord aan om jou antwoord te bewys. (1)

3.4. Watter EEN woord uit strofe 2 wat sê dat die digteres nie seker is waar die posbus vir die e-posse is nie. (1)

3.5. Is dit waar of onwaar dat die spreker dadelik 'n rekenaarslaaf was.Haal EEN woord aan om jy antwoord te bewys. (1)

3.6. Die digter sê sy het nou 'n verhouding.

3.6.1. Met wat het sy nou 'n verhouding? (1)

3.6.2. Haal EEN WOORD aan wat sy gebruik om die verhouding te beskryf. (1)

3.7. Kies die korrekte antwoord en skryf net die VRAAGNOMMER (3.7.1. – 3.7.2.) en die ANTWOORD neer.

Die spreekster stuur haar e-posse deur met 'n 3.7.1. (pen / muis) te "klik en dubbelklik" en dis 'n vorm van 3.7.2.(vergelyking / klanknabootsing). (2)

3.8. Pas die reël uit die gedig in Kolm A by die stylfiguur in Kolom B en skryf net die VRAAGNOMMER (3.8.1. – 3.8.3) en die LETTER (A – D) neer.

| Kolom A | | Kolom B | |
|---|---|---|---|
| 3.8.1. | nou wag iewers in die ruimte | A | Alliterasie |
| 3.8.2. | met **<u>sk</u>**uif**<u>sp</u>**eld **<u>p</u>**on**<u>s</u>**e**<u>r</u>** en **<u>kr</u>**am | B | Enjambement |
| 3.8.3. | kon ek tevore **– soos dit hoort –** | C | Inversie |
| | | D | Parentese |

(3)

3.9. Wat is die tema van die gedig? (1)

**[17]**

**EN**

## AFDELING B: Gedigte

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

***Life van die jobless* – Magmoed Martin**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**<u>Life Vannie Jobless</u>**

Ek sê, my bra, ken djy die agony vannie jobless,
van application forms en briewe en even wasted phone calls,
van jou skoene stukken loep en van rejection
en van trainfare wat nieman gaan replacie

En ken djy die pyn van virrie kinners sê daar issie,
van kostafels sonner kos en lawyerlette's wat ophoep,
van water wattie melk innie baby-borrel replace
en van skel oor geld wat nêrens te vind issie.

Ja, my bra, soe issie life vannie jobless:
een van great depression en rejection,
'n life van alienation en degradation –
daai issie life vannie jobless.

Ken djy hoerrit voel as djy moet loaf,
van oppie grond slaap sonner komberse,
van overcrowding sonder lektriek
en van innie gel'gatte se rubbish soek vir kos.

En ken djy hoerrit voel as die laities hul respek verloor
vir ouers wat van wyn 'n afgod maak,
van buttons wat common use word innie join',
en vannie stelery wan God het ôs desert.

Ja, my bra, nou daai issie life vannie jobless.

*Magmoed Martin*

4.1. Haal VIER OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat die spreker gebruik om die leser dadelik deel te laat voel met die situasie. (1)

4.2. Noem DRIE maniere waarop hy aansoek doen vir werk. Skryf dit in jou EIE woorde. (3)

4.3. Op watter TWEE maniere het hy by moontlike werkgewers uitkom? (2)

4.4. Watter EEN WOORD som die spreker se gevoel in strofe 1 die beste op? (1)

4.5. Skryf TWEE van die gevolge van sy werkloosheid wat in strofe 2 genoem word, neer. (2)

4.6. Kies die korrekte antwoorde en skryf net die VRAAGNOMMER (4.6.1. – 4.6.2.) en die ANTWOORD neer.

Die "gel'gatte" is 'n 4.6.1. (vergelyking / metafoor) vir 4.6.2. (ryk / arm) mense. (2)

4.7. Werkloosheid forseer die werklose om DRIE verkeerde goed te doen. Noem dit. (3)

4.8. Pas die reël uit die gedig in Kolm A by die stylfiguur in Kolom B en skryf net die VRAAGNOMMER (4.8.1. – 4.8.3) en die LETTER (A – D) neer.

| Kolom A | | Kolom B | |
|---|---|---|---|
| 4.8.1. | van k**o**stafels s**o**nner k**o**s en lawyerlette's wat oph**o**ep | A | Inversie |
| 4.8.2. | Ja, my bra, **s**oe i**ss**ie life vannie joble**ss** | B | Enjambement |
| 4.8.3. | van jou skoene stukken loep en van rejection en van trainfare wat nieman gaan replacie | C | Alliterasie |
| | | D | Assonansie |

(3)

4.9. Kies die korrekte antwoord: Die tegniek wat die digter gebruik om die leser direk aan te spreek staan bekend as (apostroof / antonomasia). (1)

**[18]**

**TOTAAL AFDELING B 35**

**VRAESTEL TOTAAL 70**